# Kat vanjaar dalk Nieu-Seelander van die Jaar

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

https://maroelamedia.co.za/nuus/wereld/kat-vanjaar-dalk-nieu-seelander-van-die-jaar/



*(Foto: LADbible)*

Dis Mittens teen *(against)* die res.

'n Onverskrokke *(fearless)* kat van Wellington in Nieu-Seeland is benoem *(named)* vir die land se gesogte *(sought after)* toekenning *(award)* as Nieu-Seelander van die Jaar.

Mittens, 'n Turkse angorakat, is glo *(apparently)* in 2018 by 'n polisiestasie in die hoofstad *(capital city)* aangedra *(brought in)* deur inwoners *(citizens)* wat gevrees *(feared)* het hy het verdwaal *(got lost)*.

Die *Evening Standard* berig *(reported)* ná *(after)* talle *(many)* ontmoetings *(encounters)* met die kat het die land se vereniging vir die voorkoming van dierewreedheid *(association for the prevention of animal cruelty)* 'n Facebook-blad begin om mense te verseker *(guaranteed)* Mittens is nie 'n verlore *(lost)* siel *(soul)* nie, net n kat met 'n voorliefde *)* vir avontuur *(adventure)*.

Die Facebook-blad het reeds 57 000 volgelinge *(followers)* wat die kat se daaglikse *(daily)* bedrywighede *(operations)* volg.

Verlede jaar is Mittens boonop *(on top of it)* met vryheid *(freedom)* van die stad vereer *(honoured)*.

Ander plaaslike *(local)* helde *(heroes)* wat vir die toekennings *(awards)* benoem is, sluit die eerste minister, Jacinda Ardern, haar spreekwoordelike *(proverbial)* "span *(team)* van vyf miljoen" wat by die afsonderingsregulasies *(isolation regulations)* tydens die Covid-19-pandemie gehou het, asook *(as well as)* die land se direkteur-generaal *(director general)* van gesondheid *(health)*, dr. Ashley Bloomfield.

Voormalige *(Previous)* wenners van die toekennings sluit in *(includes)* die voormalige *(previous)* All Blacks-kaptein Richie McCaw, die akteur *(actor)* en regisseur *(director)* Taika Waititi en die komediant *(comedian)* en geestesgesondheidsaktivis *(mental health activist)* Mike King.

*Evening Standard* berig *(reports)* die toekenning is weliswaar *(indeed)* nog nooit deur 'n kat gewen nie.